


Publication: RekordCenturion (Main) Publication Date: 19 May 2017

Page: 18

AVE: 32491.89 Circulation: 60100 Part: 1 of 1



Judah de Beer het sy terugkeer na die stoeimat ná 'n afwesigheid van byna vyf jaar met 'n

## Plaaslike stoeiers g die medaljes i

Plaaslike stoeiers was onder die uitblinkers in die Suid-Afrikaanse span wat onlangs met 18 medaljes van die Junior Afrika stoeikam-pioenskap in Marokko teruggekeer het. Die Suid-Afrikaanse span het uiteindelik

die vierde plek ingeneem by dié kampioen-skap en onder die plaaslike deelnemers was dit veral die stoeiers van TuksStoei wat hul staal gewys het. Die 18 medaljes het vyf goud, nege silwer en vier bronsmedaljes

ingesluit.
Edrich Nortjé van TuksStoei was een van die sterre. In die afdeling vir kadette

van die sterre. In die onder 58kg het hy al sy gevegte gewen sonder om 'n enkele punt af te staan. Hy het boonop al sy opponente met valle geklop. Nortjé is na die toermogi deur die **Stoeiers van die** TuksStoei klub was onder die uitblinkers by die onlangse Afrika kamdie toernooi deur die Verenigde Stoeifed-erasie van die Wêreld (UWW) uitgenooi om hul sogenaamde "Meer as Medaljes" pioenskap in Marokko.

oefenkamp by te woon. Dié kamp sal ook in Marokko aangebied word. Nóg 'n Tuks stoeier, Ruan Botha, het ook goud verower in die vrystyl-afdeling

vir kadette o.85kg. Botha se oorwinning was soveel soeter, nadat hy verlede jaar nie aan hierdie byeenkoms kon deelneem nie, aangesien hy weens 'n besering moes

Botha het ook die eindronde met 'n puik val beklink.

'n Ander Tuks stoeier met 'n merkwaardige verhaal om te vertel is Brandon Kidson. Nadat hy twee jaar gelede ophou stoei het, het hy verlede jaar met nuwe entoesiasme teruggekeer en sy harde werk is in Marokko beloon met die silwermedalje in die junior onder 58kg kategorie in die afdeling vir Grieks-Romeinse styl. Hy het valle behaal in al sy gevegte tot by die eindtryd

waar hy net-net met 'n puntebeslissing verloor het.
Jaco le Roux van TuksStoei het ook as

kadet gestoei en hy kon huis toe kom met die silwermedalje in die

vrystyl-afdeling (onder 100kg) om sy nek. Suid-Afrika se beste junior stoeier van 2016, Dylan Marais, het self TuksStoei se naam hoog gehou. Dié belowende jong stoeier, wat verlede jaar onder die top 10 in sy afdeling by die Junior Wêreldkampioen-skap geëindig het, het met die silwermedalje vir vrystyl in die kategorie vir onder 86kg

weggestap.
In die kategorie vir junior onder 97kg

stoeiers het Judah de Beer ook silwer gewen, nadat hy teen die verdedigende Afrika kampioen verloo het in die eindstryd.

Kenners was beïn-druk met De Beer se spoed en krag op die mat. De Beer het 'n

paar jaar gelede reeds uitgetree as stoeier en het eers aan die begin van 2017 teruggekeer en weer begin oefen,

wat sy prestasie in perspektief stel.

Leanco Stans was TuksStoei se enigste
vroulike verteenwoordiger in die Suid-Afrikaanse span. Sy het 'n bronsmedalje verower in vrystyl in die kategorie vir onder 66kg. Daarmee het sy verbeter op haar vierde plek verlede jaar. Dié merkwaardige jong dame het haar vyfde Afrika kampioen-

skap bygewoon.
Stans het ook 'n beurs ontvang van die Verenigde Stoeifederasie van die Wêreld Verenigde Stoeifederasie van die Wêreld (UWW) om na Finland te reis, waar sy saam met sommige van Europa se beste vroulike stoeiers sal oefen ter voorbereiding vir die Olimpiese Spele van 2020. Stoeiers sal in Japan weer hul plek inneem, nadat dié sport afwesig was in Rio verlede jaar. Sy is die eerste vroulike stoeier van Afrika wat hierdie eer te beurt val.



Ruan Botha van TuksStoei het goud verower in die vrystyl-afdeling vir kadette o.85kg by die Junior Afrika kampioenskap in Marokko. Foto: Verskaf



